*"Lig uit Lig,*
*tot lig vir die nasies"*
*(NICEA 1 700)*

**Sondag, 21 September 2025**
**Lentelofprysing!**

**"Loof die Here, o my siel! Ek sal my verheug in Hom!"**
**– die feeslied van 'n dankbare Skepping en geseënde gemeente!**

*"God het gekyk na alles wat Hy gemaak het, en kyk, dit was baie goed. En dit was aand en die was oggend – die sesde dag. So is die hemel en die aarde en alles wat daarby hoort, voltooi. God het die sewende dag geseën, want op dié dag het Hy gerus..."*
(Genesis 1:31-2:3)
*"Loof die Here, o my siel!*
*Here, my God, U is baie groot; U is met luister en glans beklee, U wat Uself met lig omhul,*
*soos 'n mantel, wat die hemel oopspan soos 'n tentdoek. ...*
*Dit is U wat fonteine laat ontstaan...*
*Dit is U wat gras laat groei vir die vee en plante vir die mens om te verbou,*
*om voedsel uit die aarde voort te bring:*
*wyn wat 'n mens se hart bly maak,*
*olie om die gesig mee blink te maak,*
*en brood wat 'n mens se hart versterk. ...*
*Ek wil vir die Here sing solank Ek leef, ... Ek, ek sal my verheug in die Here."*
(Psalm 104:1-2, 10, 14-15 en 33-34)

God het lig geskep (Dag 1); God het vog en water geskep (Dag 2); God het grond, groeikrag en plante geskep (Dag 3); God het die son en maan, tyd en seisoene geskep (Dag 4); God het lewe in die water geskep en lewe in die lug, 'n "wemeling" van visse en voëls (Dag 5); God het al die diere laat verskyn, en toe "mense na Ons beeld" (Dag 6). Woord en wetenskap; God spreek, God skep. En soos 'n refrein weerklink dit: "God het gesien dat dit goed was" (Gen. 1:4, 10, 12, 18, 21, 25); **"dit was baie goed"** (1:31). Dít is die waarheid, wanneer ons saam met Nicea bely dat God álles – "sienlike én onsienlike dinge" – geskep het: die werklikheid waarin ons bevoorreg is om te leef, is goed, georden, goedversorgd en soos 'n vrugbare Tuin. Ja, weliswaar ook stukkend, verniel, besoedel en "sugtend" (Romeine 8:21) weens die breuk van Genesis 3 wat gekom het, ... maar die mense van die ou tyd het nogtans oor dié Skepping van God blý sing – Psalms soos 8, 19, 33, 148, 149 ... en 104!

Vanoggend kom Berg-en-Dal as 'n dankbare gemeente byeen: Eergister was ons vrolike Kermis; gister deur die dag sagte wolke en 'n vroeë lentereëntjie; vanaand 'n ongelooflike orreluitvoering; môre op 22 September, ons 69ste verjaarsdag... Ons is só geseënd, só bevoorreg om deel van God se skeppingswerk én herskepping te mag wees; in die grootsheid daarvan én tot in die fynste detail van ons lewens. Kom, laat ons sing: *"Et exultavit spiritus meus"* – "My siel is verheug in God!" (Ps. 104:1 en 35, Lukas 1;47).

**JL.**

Hartlik welkom by ons gesamentlike erediens vanoggend, gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis, dr. Johan Cromhout in die kerk. Welkom aan alle besoekers, 'n handvol nuwe lidmate en ook diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel.

**<u>LITURGIE</u>**

**Verwelkoming (en verrassings)**

**Aansteek van die wydingskers**

**Moment vir Stilgebed**

**Wydingslied:** "Twee ogies om Gods werk te sien" (Lied 550, twee keer)

**Votum:**

**Liturg** – "Ek kyk op na die berge –
waar sal my hulp vandaan kom?"

**Gemeente** – "Ons hulp is van die Here,
wat hemel en aarde gemaak het.

**Liturg** – "Hy sal nie toelaat dat jou voet struikel nie;
jou Beskermer sal nie insluimer nie.

**Gemeente** – "Die Here is ons Beskermer;
die Here is die skaduwee aan ons regterkant.

**Liturg** – "Ons hulp is van die Here wat trou bly tot in ewigheid,
en wat nooit die werk van sy hande laat los nie.

**Gemeente** – "Die Here beskerm ons teen elke onheil,
die Here beskerm ons ingaan en ons uitgaan,
van nou af tot in ewigheid." (Psalm 121)

**Seëngroet**

**Loflied:** "Ek wil die Here loof en prys" (Psalm 104 – beurtsang)
(Ps. 104:1a, 2v, 4m, 7a, 8v, 13m en 16a)

**Herinnering aan Tien Woorde vir 'n lewe in die Tuin...**

**Verootmoediging:** "Heilige Jesus" (Lied 168:1 en 2)

**Geloofsbelydenis:** Nicea

**Danklied:** "U is die Alfa en die Omega" (Lied 168:3)
*(hierna gaan die kleiner kinders na hul kategeselokale)*

**Gebed**

**Skriflesing:** Genesis 1:31-2:3 en Psalm 104:1-35

**Gebedslied:** "Aanbiddelike Skepperheer" (Lied 466:1, 2 en 4)

**Verkondiging**

**Danklied:** "Et exultavit spiritus meus" / "My siel is verheug"
(uit: Magnificat – JS Bach; solis: Matildie Thom-Wium)

**Offergawe van liefde en dank**

**Uitnodiging en uitsending**

**Slotlied:** "Aan U, ons Vader, lof en dank" (Lied 462:1, 2 en 3)

**Seënbede, Amen & Orrelnaspel**

Jy is welkom om met die orrelnaspel weer te sit en nog 'n oomblik van nadenke te geniet.

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 21 Sept | 15:30 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens).<br>18:00 – *"The Four Horsemen of the Apocalypse"* – Orreluitvoering. Lees gerus Openbaring 6:1-8 as agtergrond… |
| Sondag, 28 Sept | 09:30 – Ds. Johan Marias; gesinsdiens in saal – ds. Janke Hurter.<br>15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens).<br>18:00 – Ds. Janke Hurter (Taizé). |




**MEELEWING EN VOORBIDDING**

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

21 Sept. Heike-Louise Hechter, Joanita Rossouw, Cicilia van Heerden en Marina Voges.
22 Sept. Sandra Botha, Anra Faber en Phillip van Wyk.
23 Sept. Johann Janse van Rensburg en Annetjie van Zyl.
24 Sept. Frederick Fourie, Ramey Kruger, Pieter Lombard en Leon Potgieter.
25 Sept. Johan Kok, Sakkie Matthee, Deon Naudé en Hendrik Swart.
26 Sept. Pieter Botes, Tom Botha en Daan Potgieter.

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Herculina van Wyk (Bewarea 58, wyk 8c); Tannie Hester Kotzé (Noorderbloem, wyk 17); Corrie Strydom (Woodland Hights, wyk 12b); Hanna-Mari Hoffman (Winterstr. 21, wyk 6a); Oom Jan van

Rooyen (Serenitas 69, wyk 15a); Oom Charl Marais (Kiepersoloord 12, wyk 16); Oom Louwrens Badenhorst (Sewe Damme 113, wyk 08b); Oom Fanie van Jaarsveld (Serenitas 111, wyk 15); Oom Kowie Wessels (Hillandale Aftree-oord, wyk 12b); Izak Herbert (Sedanstr. 4, wyk 19a); Jan Erasmus (Aliquando, wyk 11). Ons dink aan almal wat op een of ander wyse 'n sieke of verswakte familielid moet ondersteun.

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.

Woensdagaand-Bybelstudiegroep (19:00) – geen byeenkoms hierdie week (vakansiedag).

Woensdagaand 'Lighthouse'-Bybelstudiegroep (19:00) vir jongmense 19:30 o.l.v. ds. Janke Hurter: *"Op reis deur Efesiërs."* Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 078 894 9166.

Donderdagoggend-Bybelstudiegroep (09:00) – in Konsistorie o.l.v. ds Johan Marais: *"Die Brief aan Efese – Die Here s'n!"* Indien jy wil inskakel, WhatsApp jou naam na 084 517 8052.

## KERKRAADSAKE

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee: Wyke 17** (Noorderbloem) en **18** (Heliconhoogte, Pentagonpark, Santé) sorg in September vir ons gasvryheid Sondae met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter sorg. Indien jy ook hiermee wil help kontak die Kerkkantoor (073 180 3193).

## BEDIENINGE

### BERG-EN-DAL KERMIS 2025 – BAIE, BAIE DANKIE!




Ons hartlikste dank aan iedereen wat van afgelope Vrydag só 'n mooi dag gemaak het: die Kermiskomitee, alle koördineerders, helpers, braaiers, bakkers, kantoor- en kombuispersoneel... En elkeen wat kom ondersteun het – dit was 'n wonderlike viering van ons gemeentewees, saamwerk, saam speel, saam leef! Dankie! **Soli Deo Gloria**! Ons opbrengs staan tans op ± R 199 000, maar daar is nog heelwat berekeninge te doen, en nog kerrie-en-rys vanoggend te koop, ook plante en boeke in die binnehof! Geluk ook aan die pryswenners by die speletjies en die "Hommeltuighop"!

### EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE

SnapScan

Die erediensкollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/projek vir die betrokke Sondag – vanoggend, 21 September: **Fondse vir Hulpbronne.** U kan ook 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per SnapScan na Berg-en-Dal betaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632005).**